

Maandag 30 Maart

Skrifgedeelte: Lukas 3:10-17

Fokusgedeelte: Lukas 3:16

'n Nuwe era breek aan!

Die Heilige Gees het in die Ou-Testamentiese bedeling – waarvan Johannes die Doper die laaste was – die wêreld gereed gemaak vir die nuwe bedeling: die koms van Hom wat met die Heilige Gees en met vuur doop.

Kyk dan aan watter bedeling behoort jy? Sommige glo vandag nog steeds aan die ou bedeling. Mense glo die aardse bedeling met politieke en ekonomiese voordele is die antwoorde op hulle probleme. (Dié verwagtinge was toe al onder mense wat Johannes as 'n messias gesien het.)

Jesus Christus lei 'n nuwe era in: 'n era waarin die Heilige Gees en die Woord lewensvernuwend en koninkryksgerig in mense werk. So bring die uitstorting van die Heilige Gees 'n radikale verandering in lewens. Soos vuur gouderts tot suiwer goud verbrand, so brand die Heilige Gees alles in ons wat in die pad van sy Koninkryk staan weg om 'n Geesvervulde en Geesgeleide lewe in sy diens uit te straal.

Let op die moed en vasberadenheid waarmee gelouterde koningskinders geleenthede in negatiewe dinge soos die huidige landspolities, bedrog, korrupsie, onderlinge faksiegevegte, 'n kwynende ekonomie en die droogte raaksien om hierdeur te groei en God se Koninkryk uit te straal. Deur sy Gees en Woord word die kerk as gemeenskap van die nuwe era die draer van 'n blywende hoop met beloftes wat ewigheidswaarde het – so anders as dié wat by die ou era bly vassteek.

Tog moet elkeen wat by die ou era los van Christus vassteek, weet dat so 'n lewe eendag op die vuur van 'n vernietigende oordeel afstuur. Hulle ervaar selfs nou die gevolge daarvan soos 'n onvervulde lewe wat deur die werke van die sondige aard beheers word. Dit is die begin van die volledige en onuitbluslike oordeelsvuur wat op hulle wag.

Leef dan vervuld onder die leiding van die Heilige Gees 'n gelouterde lewe wat uitloop op die allesoortreffende glans van God se nuwe wêreld wat kom!

Sing: Skrifberyming 1-1:6, 7

Ds. SFF van der Walt (Steve) (Kathu/Olifantshoek)